

4 September
21

1 Korintiërs 3:9(c) -

(Teks: 3: 16) Jou liggaam is God se eiendom

In 'n koerant word geskryf: As die kerk weer mense wil trek sal hy sy beleid oor seks buite/voor die huwelik, homoseksualisme, lesbianisme, moet hersien.

Want, word geargumenteer: Ons leef in 'n verligte eeu...! Die seksuele is daar om geniet te word. Maak nie saak, met wie, wanneer of waar nie. 'n Aand uit moet in die bed eindig.

Dit bring jou voor die vraag: Is dié dinge regtig só verkeerd?

Paulus skryf in ons teksgedeelte: God ag sy woonplek so hoog dat Hy gereed is om elkeen te straf wat die tempel van God vernietig. Die verrassing is... Die tempel van God is nie baie ver nie. Dit is jou liggaam.

God verwag dat jy met *liggaam en siel* aan Hom sal behoort. Die doel van jou liggaam vind jy in die feit dat die liggaam van Jesus nie aan die verderf oorgelaat is nie, maar God het dit opgewek. Selfs die dood bepaal dus nie die eindpunt van jou liggaam nie. Die wederopstanding is deel van God se ewigheidsplan vir jou liggaam.

Hoe gebeur dit?

God se Gees woon in elkeen wat deur Jesus Christus in Hom glo. Jou liggaam moet jy versorg en bewaar soos God vra. Waar jy seksueel een word met iemand buite jou huweliksmaat word die woning van die Gees deur jou afgebreek. Wie die seksgod aanbid, moet ook sy kinders grootmaak: Vigs, geslagsiektes, noem maar op. God tref die mens wat Hom aan sy liggaam vergryp.

Wat maak jy met jou liggaam?

Antwoord met jou lewe.

Sing Skrifberyming 43:4

Ds. P.J. Vermeulen (Vanderbijlpark-Oos)